Krimpvarkie Nuusbrief

Datum: 12 Maart 2012
Week: 9

Liewe Krimpvarkie-ouers,

Die weke rol nou soos die hoepels van ons vormtema by ons verby. Ons Krimpvarkie- maatjies word by die dag slimmer en ouliker en ons geniet hulle baie!

Ons tema vir hierdie week is boeke. Ons gaan gesels oor al die verskillende soorte boeke wat daar is. Ons gaan gesels oor die nut van boeke, asook die hantering en versorging van boeke. Verder gaan ons leer waar boeke geberg word. Mamma en pappa kan gerus saam met ons gesels en sommer baie stories hierdie week lees.

Juffrou Joekie verjaar Dinsdag, 13 Maart. Daar verjaar ook ’n Krimpvarkie-maatjie. Francis verjaar Maandag, 12 Maart. Ons wens hulle ‘n baie geseënde jaar toe en alles wat mooi is.

Vrydag, 16 Maart is dit ons graad 1-3 maatjies se pa en kind uitkamp avontuur. Ons wens hulle ’n heerlike kamp toe met baie pret en plesier en onvergeetlike herinneringe!

Ek is hierdie week op vroeë diens in die Nagapieklas tot 7:30. Bring asseblief u kleutertjie na my voor 7:30.

’n Mooi gedagte van die Krimpvarkies:
Hoe meer jy gee, hoe meer kom terug, met glimlaggies bou jy ’n brug na almal op jou lewenspad, belê dus in die kosbare skat.

Stywe Krimpvarkie drukkies en soentjies,
Elra.

Krimmies

MmaLulu

Puku=boek Dipuku=boeke

Puku ye kgolo= groot boek

Puku ye nnyane=klein boek

Nonwane=storie